

God laat ons met Hom in sy liefde leef. God leef nie binne in ons nie

ds. PJ Kriel

10.05.2020

Inhoud Hierdie preek wys dat Jesus Christus is God met ons en Hy maak ons weer waarvoor Hy as Skepper ons voor bestem het. Christus laat ons ons roeping om mens vir God te wees, teenoor God vervul. Die afgod wat binne in mense is en as Jesus benoem word, verteer ons menslikheid vir sy goddelikheid. Vir hierdie afgod Jesus binne in jou moet jy jouself, jou mens wees en jou menslikheid opoffer sodat hy die afgod kan wees wie hy wil wees. Hierdie afgod wat jou jouself laat opoffer is niks anders as mense se drif om in hul goddelikheid jou in jouself te wil verdring nie.

Skriflesing Efesiërs 1: 1 – 6, 14; 2: 1- 3, 6 – 10; 4: 17 – 24.

Teks Van Hom is ons immers 'n maaksel, geskep in Christus Jesus om goeie werke te doen en daarvolgens te leef, soos God dit voorberei het.”

Tema God laat ons met Hom in sy liefde leef. God leef nie binne in ons nie.

1. Ons sluit vanoggend af met die preekreeks oor die verskil tussen godsdiens en die narsistiese geestelikheid van afgodsdienste. Paulus stel hierdie verskil in sy brief Efesiërs as die verskil tussen die lewe om goeie werke te doen en daarvolgens te leef (2: 20) en die goddelose lewe van heidene met hul afgode. (4: 17, 18)

Ek wil vir u graag 'n voorbeeld gee waarmee ons hierdie verskil, soos Paulus dit in sy brief Efesiërs stel, kan toelig. Die voorbeeld is eie aan Levubu. Dit gaan oor 'n makadamianeut en wat 'n boer met 'n makadamianeut doen. In hierdie voorbeeld is God die boer en ons die makadamianeut!

'n Boer maak neute om bome van te maak, sit die neut in die grond, versorg dit met alles wat die neut nodig het om te groei en wanneer dit 'n klein plantjie maak, sny die boer hierdie plantjie af, en ent dit op 'n baie goeie stam met baie sterk en goeie wortels. Die boer berei die saad en alles vir die saad voor om 'n boom te word wat goeie neute, dit is goeie vrugte sal dra.

Kan daar 'n boer wees wat 'n makadamianeut kweek sodat hy binne in die neut kan ingaan en binne in die neut gaan bly om as boer sy lewe binne in die saad te gaan leef? Kan daar 'n boer wees wat binne in 'n neut wil ingaan en leef?

Dit is skoon verspot! Daar kan nie so boer wees nie. Wat daar wel is wat baie graag 'n neut wil indring om hul lewe binne in 'n neut te leef, is goggas! Goggas wil binne in neute leef. God maak neute bome! Gogga wil binne in neute leef!

2. Paulus wys die gelowiges in die stad Efese dat hulle 'n nuwe lewe moet leef.

God laat ons met Hom in sy liefde leef. God leef nie binne in ons nie

Hulle vorige lewe was heidens. In hoofstuk 2: 11 stel hy dat hulle volgens hulle geaardheid heidene was en dat hulle vervreem was van God en sy verbondsbeloftes. Hy noem in 2:1 hulle vorige lewe 'n bouse lewe. Dit was 'n bouse lewe omdat hulle geleef en gedink het volgens hulle sondige geaardheid, maar dit ervaar het as 'n lewe volgens God se wil.

In hoofstuk 4: 22 noem hy hierdie lewenswyse die lewenswyse van hulle ou mens en roep hulle op om hierdie ou mens wie hulle was, af te lê.

Die nuwe lewe wat hulle moet leef is die lewe waar Jesus hulle skep om die goeie werke vir God te doen waarvoor God hulle gemaak en voorberei het. (2:10) Hierdie lewe is die lewe waar ons die roeping waarvoor God ons bestem het, waardig sal wees.

3. Volgens ons voorbeeld is die verskil tussen hierdie twee lewenswyses só!

Voorheen, toe hulle heidens was, was hulle gogga-kos en wou hulle gogga-kos wees. Hulle wou innerlik verteer word deur mense se sondige begeertes en gedagtes oor en met hulle!

Paulus beskryf hierdie neiging as die drang tot dwaling. Hierdie drang tot dwaling gaan oor 'n verdraaide bedoeling wat voel en lyk soos jou ware bedoeling in die lewe. Dit is soos met 'n makadamianeut! Hy is bedoel om 'n boom te wees wat kos voorsien en leef binne die sekuriteit dat hy veilig en versorg is deur die boer.

Wanneer 'n gogga so neut binnedring, dan kan die neut voel: "Nou is ek kos en dit is my bedoeling in die lewe om vir iemand kos te wees, en as ek op hierdie manier kos is, dan bly ek veilig binne my dop. Ek doen waarvoor ek gemaak! Ek is veilig."

Die lewe wat Jesus Christus vir hulle skep is egter 'n lewe waar Hy alles voorsien en voorberei, sodat hulle uit hul dop kan kom en 'n boom kan word wie Hy versorg en beskerm sodat hulle vrugte kan dra.

Jy moet nie kos wees nie. Jy moet kos voorsien! Jy moet ophou met 'n lewe waar jy gogga-kos is en die lewe begin leef waar jy word wat Christus jou voor gemaak het: om met goeie werke, God en jou naasste te dien.

4. Hoe ken en herken jy die verskil tussen hierdie twee lewenswyses?

'n Leefwyse waarin jy gogga-kos is, teenoor 'n leefwyse waar jy kos voorsien! 'n Leefwyse waar jy verteer word deur die leë sondige gedagtes en begeertes van mense of die leefwyse deur Christus waar jy die mens kan word wat God jou gemaak het om te wees!

God laat ons met Hom in sy liefde leef. God leef nie binne in ons nie

Jy ken en herken hierdie verskil wanneer jy die verskil ken tussen 'n boer en 'n gogga, tussen God en 'n afgod! Om God as boer te ken, maak dat jy afgode as goggas ken!

Hoe ken ons God?

Ons ken Hom in Christus. Wie Christus is en wat Christus met ons doen!

Paulus stel dit in hoofstuk 1 só: Dit is God die Vader wat ons in Christus geseën het met elke geestelike seëning in die hemel (vers 3) en die Gees is ook die waarborg van ons erfdeel (vers 14) Hierdie geestelike seëninge is die verbondsbeloftes van God: om deur God uit die goddeloosheid as sy volk vergader te word, van sonde en afgodsdienste gereinig te word, om deel van God se liefde te wees en God weer te mág liefhê volgens sy gebooie. Christus maak ons deel van die burgerskap van Israel en al God se verbondsbeloftes. (2: 12, 13)

Paulus gee in Efesiërs 1: 1 – 14 'n volledige opsomming van hierdie verbondsbeloftes wat God vir ons geestelike seëninge laat wees: God het ons in Christus uitverkies om heilig en onberispelik in sy liefde te wees, ons as sy kinders aangeneem, begunstig ons in sy genade en vergeef ons ons oortredings.

God versorg ons met alle die seëninge van sy verbond. Só ken ons God as Ons Vader in Christus deur die Gees. (2:18)

Dit is hoe 'n boer die neute versorg vandat hulle neute tot volwasse bome is wat vrug dra: hy gee hulle alles wat nodig is om as vrugtebome te ontwikkel en vrugbaar te wees. Hy berei vir hulle die land voor, ontbos en roei die onkruid uit; hy lê waterpype aan; hy gee water, kompos, kunsmis en gif. Alle seëninge wat 'n neut nodig het om 'n boom te word, te ontwikkel en vrug te dra, is die werk van die boer met en vir hierdie neut.

So ken ons God wat ons altyd met sy volle liefde en sorg seën om sy kinders te wees.

6. U kan gerus die boek Efesiërs deurlees om te sien hoe doen God dit: alles in Christus en deur Christus. Hy maak ons in Christus lewend (2:5) en wek ons op saam met Christus in die hemel. (2: 6)

Ons is ingeënt in Christus as mens in die hemel. Die Heilige Gees verenig ons deur sy krag as God met Christus as mens sodat Hý alles met ons deel wie ons as sondaars is, en dit aan die kruis wegvat. Hy deel ook alles met ons vandag wie Hy as heilige en regverdige mens in die hemel is.

God laat ons met Hom in sy liefde leef. God leef nie binne in ons nie

Daarom stel Paulus dat ons hierdie nuwe mens moet aantrek: ons is heilig en regverdig vir God se liefde omdat ons in Christus se regverdigheid en heiligheid as mens ingesluit is. Net soos 'n neuttakkie deel is van alles wat 'n ander neut se wortelstelsel is, deur inenting.

Alles wat ons nou in en uit hierdie geloof doen, ons liefde is reg en volkome vir God, laat God vir Hom goeie werke wees. Dit is hoekom ons volgens 2:10 weer kan wees wie God ons gemaak het. God laat ons goeie werke vir Hom reg en volkome wees, in en deur Christus. Elke gelowige leef in hierdie sekerheid: God maak my werke vir Hom goeie werke deur dit vir hom in en deur Jesus Christus reg en volkome te maak.

Dit is net soos 'n boer sorg dat die takkie uit 'n neut ingeënt word op 'n goeie stam sodat dit goeie vrugte kan dra uit die krag van die wortelstelsel waarop dit ingeënt is. Uit Christus se menswees in die hemel kry ons die regverdiging en heiligmaking van ons werke, iets wat ons ons werke nie self kan maak of laat wees nie.

Dit is wat 'n boer alles met 'n neut doen om dit 'n boom in sy boord te maak wat saam met die boer leef: om dit te seën met alles wat nodig is en in te ent! Dit is hoe ons God die Vader ken in ons verenig met Christus deur die Gees.

7. Omdat ons God só ken, weet ons ons is bestem vir 'n lewe soos Hy ons gemaak het om Hom te dien in alles wat Hy ons laat wees.

Die verbond met God gaan altyd oor om mét God te leef – in sy skepping en in sy liefde. Dit is hoe God ons God is en ons sy kinders laat wees. Hy maak ons heilig en regverdig om met Hom in sy liefde in sy skepping saam met Hom as mense te leef.

Dit is mos net soos met 'n boer! Hy maak van 'n neut 'n vrugteboom om met hom as boer saam te leef en vrug te dra op sy plaas, is sy sorg en in sy liefde.

Wie God die Vader só ken in Christus, herken afgode vir wie hulle is. Afgode is goggas! Hulle wil nie 'n boer wees wat 'n neut versorg en ontwikkel om 'n boom te word, wat doen waarvoor 'n boom bestem is nie. Afgode wil nooit God met ons wees nie. Hulle wil altyd goddelik binne in ons wees!

Wat is 'n gogga wat nie sy lewe binne in 'n neut kan leef nie? Dit is 'n nuttelose ding wat niks is nie en niks beteken nie. Daarom noem ons dit 'n gogga! Dit kan net krag en lewe kry as dit binne in 'n neut kan inkom, en die lewenskrag van die neut om 'n boom te wees, sy eie maak om 'n gogga te wees. Dit verdring en maak alles wat 'n neut innerlik is deur dit vir sy eie lewe te verteer. So ontnem 'n gogga 'n neut 'n lewe waarin hy 'n boom kon wees om saam met 'n boer te leef en vrug te dra.

God laat ons met Hom in sy liefde leef. God leef nie binne in ons nie

Afgode is altyd 'n god wat begeer om binne in mense se lewe in te kom, hul innerlike lewe hul eie krag te maak, deur alles wat menslik is in mense en mense innerlik bedoel is om te wees, te verteer. So ontnem afgode mense die lewe waarvoor hulle bestem is om as mense met God in sy skepping in sy liefde te leef.

8. U moet gerus weer kyk hoe Paulus hierdie innerlike vertering van 'n mens se menslikheid, en sy bedoeling hoe om mens te wees, in hoofstuk 4 beskryf.

Mense met afgode in hulle, leef met leë gedagtes. Hulle gedagtes hoe om mens te wees en te word, wat God met goeie werke kan dien, wat God reg en volkome maak, is weg! (4:17) Hulle het gevoelloos geword vir hul eie menslikheid soos God hulle bedoel om mense te wees. (4: 19) Hulle denke is verduister. Hulle glo om deur 'n afgod verteer te word, is hoe hulle bedoel is om kos te wees. Hulle is onkundig oor die lewe waarvoor hulle bestem is om 'n boom te wees en nie gogga-kos te wees nie. Daarom gee hulle hul oor aan die begeertes van elke afgod wat 'n god binne hulle wil wees.

Paulus noem die lewe van afgode binne in mense in 2: 2 'n bouse lewenswyse volgens mense se sondige aard!

Hoekom?

Want daar is nie sulke afgode wat begeer om 'n god binne in mense te wees nie. Dit wat voorgehou word as 'n god, wat god in mense wil wees, is niks anders nie as mense wat 'n god in ander mense se lewe wil wees nie.

Dit het ons verlede week gesien. 'n Afgod is niks anders as 'n mens se begeerte om só te wees en só te leef nie: "Ek is wie ek is en ek doen wat ek doen, alles is vir my. Almal moet my aanvaar en liefhê soos ek myself liefhet." Elke god wat sogenaamd in mense wil inkom om god hul in lewe te wees, is die boosheid van 'n mens wat begeer dat hy of sy in ander mense se lewe sal indring, alles in hulle sal verteer as sy eie lewe en sy eie krag, terwyl hierdie mense hulle self vrywillig sal oorgee, opgee en weggee in die geloof hulle vervul hulle roeping waarvoor hulle gemaak is – om self niks te wees nie.

9. 'n Bouse lewe!

Om ander mense se begeerte in jou te vervul dat hulle alles is en jyself niks is nie, en moet wees nie, en te glo hierdie vertering van jou innerlike menswees is wat God met jou doen, is boos! Afgodsdiens is altyd boosheid! Om jou eie lewe waar jy jou roeping kon vervul het, om te wees waarvoor God jou gemaak het, as die offer wat God van jou vra, is 'n bouse lewenswyse.

God laat ons met Hom in sy liefde leef. God leef nie binne in ons nie

Dit is 'n beselede lewenswyse waarin jy deur die begeerte van 'n gogga om 'n gogga te wees, jou laat verteer en jou eie lewe om 'n boom te wees wat vrug dra, opgee in die geloof jy doen dit vir God!

Hierdie selfoorgawe in jou, om jouself deur 'n god te laat verdring en verteer, is niks anders as losbandigheid en onreinheid nie. Dit is nie hoe jy jouself aan God se liefde toewy en jouself gee om God lief te hê nie.

Die boosheid van hierdie lewe is dat dit is juis hoe mense volgens Paulus gevoelloos word vir hul menslikheid, en hul self oorgee aan losbandigheid om onversadigbaar onrein dade te pleeg.

Om jou aan 'n mens se begeerte oor te gee sodat hy met die krag en mag kan leef: ek is wat ek is en doen wat ek doen, almal sal my aanvaar en liefhê soos ek is, maak jou onrein, nie heilig en regverdig nie. Wie hulle self aan hierdie begeerte van mense oorgee, is losbandig! Hulle leef nie meer om te word waarvoor hulle self gemaak is nie. Hulle is van hul eie doel en roeping losgemaak!

10. Paulus noem die lewe waarin mense die sondige begeerte, om te wees wie jy is en te doen wat jy wil, alles vir jouself, die hardheid van mense se harte in Efesiërs 4: 18.

Dit is die hardheid van mense harte wat wil glo dat ander mense se begeertes in en vir hulle, is god binne in hul lewe. Dit is die hardheid van mense se harte wat glo dat 'n mens wat my met sy begeertes indring en oorneem, is god wat in my lewe inkom! Dit is die hardheid van mense se harte wat glo dat 'n mens bestem is om innerlik niks te word nie in die begeerte van 'n ander om alles te wees. Dit is die hardheid van mense se harte wat hul hulself laat opgee, oorgee en weggee, in die begeerte van 'n ander mens om alles te wees in hulle, en te maak en te glo asof hul selfopoffering iets is wat hulle vir God doen.

Want in hierdie verhardheid kan hulle as mense vir en met mekaar só leef: "Jy is my alles" en "Ek is jou alles." Alles of niks nie! Dit is goddeloses se sondige begeerte om soos God te wees: "Ek is wie Ek is en Ek doen wat ek wil" en dit as ware liefde te wil glo en ervaar: "Ek is jou alles en jy is my alles."

Goddelike liefde! Dit is hoe mense dit ervaar om deur 'n sondige begeerte verteer te word, en self niks te wees en te word nie: "Ons is alles vir en met mekaar!" Goddelik want dit is net God wat mense so mag liefhê, met jou hele hart, jou hele siel, jou hele verstand en al jou krag", want net Hy is alles vir alles!

Mense verhard hulle in hul sonde begeertes in en met mekaar in die geloof hierdie begeerte is goddelike liefde! Dit is god wat in my inkom en my verteer en verdring om niks te wees nie sodat God alles binne in my kan wees!

God laat ons met Hom in sy liefde leef. God leef nie binne in ons nie

11. Leef ons met God of leef God in ons?

Dit is die verskil tussen die lewe wat jy moet aflê as jou ou lewe en die nuwe lewe wat jy moet opneem as die lewe waar Christus jou maak waarvoor jy bestem is.

Dit is die verskil tussen 'n lewe van 'n neut wat 'n boer 'n boom laat word wat met hom in sy lande leef, en 'n neut wat gogga-kos is!

In Jesus Christus maak God die Vader ons weer die mense wie Hy ons bestem het om vir en saam met Hom mens te wees, in sy skepping binne sy liefde. Jesus is nie 'n afgod wat 'begeer om 'n god binne in mense se lewe te word nie. Jesus is nie 'n gogga wat gogga-kos soek nie!

Christus verenig ons met wie Hy as mens in die hemel is vandag. Daarom sê Paulus ons sit saam met Hom in die hemel (2: 7) Ons deel wie Hy as mens is om in dit wat ons met Hom as mens deel, weer vir God regverdig en heilig te wees as mense. Mense reg en volkome vir God se liefde! Jesus is nie 'n goddelike begeerte wat in ons lewe wil inkom om sy lewe en krag binne ons te kry en deur ons uit te leef nie. Hy is mens vandag met sy eie menslike lewe!

Christus as God maak ons mense wie vir God reg en volkome in sy liefde is sodat ons weer goeie werke kan doen. Bome kan word wat vrugte dra! Om vir God te doen, dit waarvoor Hy my as mens bedoel het om mens te wees vir Hom, in sy skepping. Ons moet ons self gee vir goeie werke vir God met God in sy liefde. Christus is nie 'n goddelike gees wat ons wil binne dring, ons innerlike wil verdring en oorneem deur ons tot selfoorgawe te bring deur wie ons is, op te gee, weg te gee en oor te gee nie.

Hierdie Jesus wat predikante, pastore en priesters voorhou wat graag binne in jou lewe wil inkom om God binne in jou te wees, is 'n bese Jesus! Dit is 'n afgod wat mense Jesus noem, terwyl dit niks anders is as net 'n begeerte van 'n mens wat alles in my wil wees sodat ek niks kan wees vir hom, haar of hulle nie.

Jesus is God met ons ! Hy bewerk al die seëninge van God die Vader vir ons! Hy is God wie met ons is, en ons met sy volle liefde en sorg omvou sodat ons met Hom as God in sy skepping met Hom kan leef. Die Jesus wie God in ons wil kom wees, is 'n gogga en wil ons gogga-kos maak. Dit is die Jesus van die Duiwel self wie Jesus in sy versoeking in die woestyn verwerp het om te wees. Die bese Jesus is net 'n afgod wat ons laat glo elke sondige drif en begeerte waarmee goddeloses my mee wil verteer, is kamstig die Jesus wat begeer om 'n god binne in my lewe te wees!

12. Kom ons breek met die ou mens en neem die lewe van die nuwe mens op!

God laat ons met Hom in sy liefde leef. God leef nie binne in ons nie

Wil u gogga-kos wees of wil u deur die boer versorg en gevoed word om 'n boom te word wat vrug dra?

Wil u die mens word wie God jou bestem het om te wees, of wil jy niks word nie vir 'n kamstige god wat kamstig alles binne in jou wil wees? Wil jy reg en volkome vir God in sy liefde wees om jouself te gee vir die goeie werke waarvoor jy bestem is, of wil jy jouself opgee, weg gee en oorgee aan 'n god wat begeer om binne in jou god te wees?

U moet die ou lewe waar jy geglo het mense se begeerte om alles in jou te wees en jou niks te maak nie, sodat julle alles vir mekaar is, aflê! Jy moet die nuwe lewe opneem waar Christus jou insluit in wie Hy as mens is, heilig en regverdig, sodat jy binne sy liefde as God kan leef!

Jy moet die lewe waar jy God in jou lewe laat inkom het om God binne jou te wees, aflê as niks anders as 'n lewe binne die sondige begeertes van mense nie. Jy moet die nuwe lewe opneem om met God in sy liefde vir Hom te leef, omdat Hy jou met alle seëninge seën.

Jy moet wegbreek van die afgod Jesus wat begeer om God binne in mense te word deur mense wat hulle lewe aan hom oorgee, op gee en weg gee as net die begeerte van goddeloses. Dit is nie God nie en dit is nie Jesus Christus nie!

Jesus Christus is die boer en ons die neutel!

Hy gee lewe, voed lewe, ontwikkel lewe en leef saam met ons! Hy is God met ons! Die Jesus wat ons in ons lewe moet innooi, om ons innerlik te verteer om niks te wees nie, is net mense se begeertes wat hulle die naam Jesus gee.

Jesus is nie 'n gogga en ons gogga-kos nie!

Kom ons breek met hierdie lewe waar ander se begeertes 'n god in ons lewe is! Kom ons leef met ons Skepper in sy liefde! Dit is waarvoor God ons in Christus gemaak, verkies en bestem het!

Ons het God lief omdat Hy is wie Hy is en Hy alles vir alles is! Die goddelike liefde van hierdie wêreld waar ons niks moet wees nie, en hulle alles in ons en deur ons wil wees, ken ons as sondige begeertes. Narsistiese geestelikheid! Ons glo nie in hulle liefde wat ons innerlik verteer, verdring en niks maak asof dit God of Jesus in ons lewe is nie. Hulle narsisme maak ons nie wie ons is nie. God die Vader maak ons in Christus wie ons is!

God leef met ons in sy liefde en ons in sy liefde vir Hom as ons Skepper en Verlosser. God leef nie binne in ons nie!